

Les 13

Teks: Johannes 6: 16 - 40

1. Inleiding

In ons teksgedeelte tref ons nog 'n wonder van Christus aan. Maar tog bly die mense ongelowige. Hulle wil nie vir Christus aanvaar as die lank beloofde verlosser nie. En dan haak hulle vas by die brood uit die hemel. En op 'n manier dit dan natuurlik die verklaring van die wonderwerk van die vermeerdering van die brood. Kom ons ondersoek dit van nader.

2. Kapernaum die bestemming op 'n wonderwerk reis.

Christus se bedienings-hoofkwartier is in Kapernaüm tydens Sy bediening in Galilea. Dit is dan spesifiek so omdat Jesus verdryf in uit Nasaret soos wat Lukas 4 ook openbaar. Maar die manier waarop Christus in hierdie gedeelte by Kampernaum aankom is alles behalwe gewoon en normaal. Die eerste helfte van die reis lê sy dissipels alleen af. En dit in 'n baie stormagtige see. En dan loop Christus sommer op die water na hulle. Die ander evangelies, veral Matteus brei uit op Jesus se ontvang by die skuit. Dit is hier waar Petrus dan ook op die water loop.

En dan wanneer Christus by hulle kom naby die bood, tref ons die belangrike "Ek is" woorde aan. Iets wat ons gereeld sien in die Johannes evangelie. Dit is dan asof alles versnel hier in die Johannes evangelie. Onmiddelik is die see stil en hulle is by die land. Eintlik sommer twee wonderwerke wat mekaar vinnig opvolg. En iets wat 'n mens maklik mis kan lees.

3. Die gekibbel oor brood in Kapernaum

Christus begin weer hierdie uitspraak van Hom met die kenmerkende Amen Amen. Christus weet egter dat hulle nie daar is oor enige rede as die fisiese nie. Die brood wat Christus vroër vir hulle gegee het, het hulle gevul. Maar nou is hulle weer honger en soek nog van daardie brood. Maar steeds besef die mense nie, dat hulle eintlik 'n geestelike honger het nie. En dat dit eintlik dit is wat die Here moet vul.

En dan baie in gemeen met die vrou by die put in Johannes 4 beveel die Here die mense om nie meer te werk vir brood wat nie versadig nie. En op 'n manier begryp hierdie mens onmiddelik dat hulle die geestelike brood, in plaas van die fisiese moet soek. Maar dan wil hulle nie sommer net vir Christus aanvaar as hierdie hemelse brood nie. Nee, Hy moet die eers bewys deur middel van 'n teken of iets. Tog is hierdie groep mense presies dieselfde mense wat gevoed is by die vermeerdering van die brood. En ook by beleef het, hoe Christus oor die water bonatuurlik tot in Kapernaum gekom het.

Een van die Rabbinese Judasiasme oortuigings was juis dat die Messiah sekere Ou Testamentiese handelingte weer sou herhaal. Soos byvoorbeeld die Manna uit die hemel. In 2 Baruch 29:8: "8 En op daardie selfde tyd sal die skatkis van manna weer van die hoogte af afdaal, en hulle sal daarvan eet in daardie jare, want dit is hulle wat tot die voleinding gekom het.

Charles, R. H. (Ed.). (1913). Pseudepigrafie van die Ou Testament (Vol. 2, p. 498). Oxford: Clarendon Press.

4. Die ware brood uit die hemel

Christus wys die mense tereg op 'n paar Joodse tradisies. Eerstens God, nie Moses, het die manna gegee nie; tweedens manna was nie van hemelse oorsprong nie, alhoewel die mense gedink het dit was. Derdens die ware brood van die hemel was Jesus, wat nie in die verlede was nie, maar 'n huidige realiteit.

Christus sluit af met nog 'n "Ek is" uitspraak. Hierdie keer in verband met die brood van die lewe. Almal wat nog Hom toe kom sal nooit weer Honger hê nie.

5. Skrifverwysings

1. Deuteronomium 18, 15 & 18
2. Psalm 72:16
3. Psalm. 78: 23-25
4. Mattues 14: 22 - 32
5. Lukas 4:28 - 29
6. 1 Korintiërs 1: 22

7. Vrae

1. Ons bid in die onse Vader gee ons vandag ons daaglikse brood, is die ook fisiese brood, verduidelik?
2. Ondank twee wonderwerke is hierdie aanhoorders van Christus nie beïndruk nie, wat kan die kerk vandag doen om mense te beïndruk?
3. Hoe kry ons vandag deel aan die brood van die lewe?
4. Wanneer ons die geloof stap moet neem om te glo, wat verhinder ons prakties?
5. Wie gee die Vader aan Christus in vers 37

6. Bronne

1. Uteley, R. J. (1999). [*The Beloved Disciple's Memoirs and Letters: The Gospel of John, I, II, and III John*](#) (Vol. Volume 4). Marshall, Texas: Bible Lessons International.